HOOFSTUK EEN

ALGEMENE INLEIDING EN UITEENSETTING VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

Ouers wend saam met skole as instelling tans ‘n doelbewuste poging aan om kinders ‘n voorsprong in die lewe te gee. Baie word gedoen om kinders se intellektuele vermoëns te ontwikkel en ‘n fortuin word bestee aan allerlei buitemuurse bedrywighede op die gebied van kuns en sport (De Klerk & Le Roux, 2003:7). In die gemeenskap bestaan daar betekenisvolle hulpbronne in dié verband. Dit is verblydend dat daar gepoog word om elke kind die voordeel daarvan te laat ervaar, want die kognitiewe en fisiese ontwikkeling van die kind is belangrik.

Wat egter, aldus die navorser, nie uit die oog verloor mag word nie, is dat die kind se totale ontwikkeling sy funksionering in die omgewing bepaal en beïnvloed. Daar bestaan ‘n wisselwerking tussen die kind en sy omgewing en hy hanteer dit midde in sy eie unieke proses. Die ontwikkelingsterreine soos byvoorbeeld die fisiese, emosionele, kognitiewe en sosiale beïnvloed op hulle beurt ook weer mekaar. Vir hierdie rede kan die emosionele ontwikkeling van die kind byvoorbeeld nie onderskat word nie en rig die emosionele dikwels die kognitiewe aspekte, asook sy gedrag en reaksies. Kognitiewe en fisiese ontwikkeling behoort daarom nie ten koste van emosionele ontwikkeling beklemtoon te word nie. Indien dit wel gebeur, leer die kind daardeur dat sy emosionele sy, soos hoe hy byvoorbeeld aggressie en woede hanteer, nie belangrik is nie. Aangesien die kind gedurende hierdie lewensfase oor dié vermoëns behoort te beskik, lei dit aan die een kant daartoe dat hy hierdie emosies ignoreer of onderdruk omdat hy aan die ander kant nie oor die taalvaardigheid beskik om homself emosioneel uit te druk nie. Omdat hy leer en ervaar dat die uitdrukking van emosies gevaarlik kan wees, onderdruk hy sy gevoelens (Schoeman, 1996:182).

Aggressiewe gedrag kan wissel vanaf *fisiese aggressie* soos om te slaan, te skop, te byt of rond te stamp, tot *verbale aggressie* soos om te dreig, te skel, te beledig en

name te noem (Epanchin, 1991:111). Die uiterste vorm van fisiese aggressie, wat normaalweg anti-sosiale gedrag genoem word, sluit in brandstigting, steel en die beskadiging van eiendom. Nelson en Crick (2002:162-163, 167) verwys na aggressie wat tydens die middelkinderjare voorkom as verhoudingsaggressie. Vanuit die beskikbare literatuur blyk dit dat aandag gegee word aan aggressie as ‘n gedragsvorm en bestaan daar, aldus die navorser, ‘n duidelike gebrek aan die definiëring daarvan wat die emosionele sy van aggressie insluit. Renfrew (1997:6) sluit doelbewus aggressiewe gevoelens, houdings en gedagtes uit sy definisie uit omdat dit volgens hom intern is en daarom subjektief.

Indien ‘n kind tydens sy kinderjare volgens sy ouers of maats en by die skool, aggressie verkeerdelik openbaar, kan ‘n mens seker wees dat so ‘n kind deur die portuurgroep verwerp gaan word (Coie & Dodge in Nelson & Crick, 2002:161). Deur middel van hulpverlening aan dié kind om die nodige kennis en insig te bekom ten opsigte van emosies en sy eie proses, kan hy bemagtig word om sy aggressie te erken, uit te druk en hom daarmee saam te vrywaar van verwerping deur die portuurgroep. Crick & Grotpeter (in Nelson & Crick, 2002:164) het verder gevind dat kinders wat aggressief optree binne verhoudings baie hoër vlakke van depressie, eensaamheid en negatiewe selfpersepsie ervaar as dié wat nie-aggressiewe gedrag openbaar.

Verdere studies dui daarop dat kinders wat grootword in ‘n omgewing waar mag en selfgelding binne verhoudings gebruik word, glo dat aggressiewe strategieë hulle gaan help om binne hul portuurgroepverhoudings beheer te hê (Nelson & Crick, 2002:165). Patterson (in Nelson & Crick, 2002:165) huldig die mening dat kinders wat gereeld betrokke is by fisiese aggressie en ander ontwrigtende gedrag, onbewustelik by die huis deur hul ouers geleer word om dié gedrag te openbaar en dat dit waarskynlik ‘n doel dien.

Behalwe vir aggressiewe strategieë waarna verwys is, is daar, aldus die navorser, meer positiewe werkwyses en hulpmiddels om negatiewe emosies soos aggressie te hanteer. Een só ‘n voorbeeld is musiek waarvan die waarde sover vasgestel kon

word, nog nie voldoende ondersoek is nie. Die rede hiervoor is dat musiek ‘n universele taal is wat emosie, logika, wiskundige korrektheid en taal omvat, aldus Neethling (1999:44). Musiek het te make met frekwensies, volume, ritme, koördinasie, akoestiek, melodie en harmonie. Dit is ‘n saambindende faktor wat emosies gelei en eenheid vorm en beslis ‘n invloed op die mens se gemoedstoestand uitoefen (Neethling, 1999:44). Mense, in die moderne Westerse samelewing, leef volgens Cushman (in Nicol, 1996:10), geskei van hulle persoonlike ritmes, die natuurlike ritmes en die ritmes van die gemeenskap.

Dit het verder aan die lig gekom dat stimulering van die sintuie deel is van die helingsproses. Van Velden (2002:67-68) stel dit soos volg: “By stimulating one’s hearing, music creates a sense of wellbeing by mediating the secretion of certain chemicals in the brain that soothe and relax the body, mind and soul”. Kinders het ‘n natuurlike aangetrokkenheid tot en nuuskierigheid rondom musiek wat deur Bunt (2002:71) bevestig word as hy sê: “…children make spontaneous connections with music as if it has always played a natural part in their development”. Alhoewel hulle nie noodwendig almal dieselfde op musiek gaan reageer nie, is daar altyd een of ander vorm van reaksie daarop omdat dit nie-bedreigend is.

In die lig van die voorafgaande oorhoofse bespreking ervaar die navorser ‘n behoefte om ‘n kwantitatiewe studie te onderneem en ondersoek in te stel na die effek wat musiek op die vlakke van aggressiewe gedrag by die kind in die middelkinderjare het. Dié laerskoolkind (hierna deurgaans ook verwys in die manlike geslagsvorm of die kind) is gewoonlik tussen ses en twaalfjarige ouderdomme (Shaffer, 2002:4; Louw, Van Ede en Louw, 1998:342) wie se vermoëns, selfstandigheid en begrip vir ander se gevoelens geleidelik gedurende hierdie lewensfase toeneem. De Klerk en Le Roux (2003:10) is navorsers wat die mening huldig dat indien daar op emosies en die hantering daarvan gefokus word, die kind in staat sal wees om dit deur middel van sy gedrag en kommunikasie toe te pas en te weerspieël.

Behalwe vir dié unieke lewensfase en die kwaliteite en behoeftes van die verskillende ontwikkelingsterreine, bied die Gestaltbenadering ook ‘n holistiese perspektief op die

funksionering van die kind in sy omgewing en sy unieke proses. Vir die doeleindes van hierdie navorsing word aggressie en die effek wat musiek op die laerskoolkind het, dus vanuit ‘n Gestaltperspektief bespreek en aan die leser voorgehou.

1.2 MOTIVERING VIR DIE NAVORSINGSTEMA

Vanuit die literatuur blyk dit duidelik dat daar alreeds baie geskryf is oor die definiëring van aggressie, wat aggressiewe gedrag is en wanneer gedrag nie as aanvaarbare gedrag vir aggressie beskou word nie. Waaraan daar, sover vasgestel kon word, ‘n duidelike gebrek is, is maniere om ‘n kind tydens die middelkinderjare behulpsaam te wees om sowel die aggressie in homself te identifiseer, as alternatiewes om aggressie uit te druk en dit te verwoord. Hiermee saam blyk dit asof emosie(s) te dikwels ‘n kind se gedrag of reaksie rig en bepaal. Dit is, aldus die navorser, oor die algemeen vir ‘n kind moeilik om rusies te vermy of te besleg en verandering te hanteer. Een van die redes waarom ‘n kind ‘n gebrek aan hierdie basiese oordraagbare lewensvaardighede ervaar en openbaar, is, aldus De Klerk en Le Roux (2003:10), omdat die samelewing tot nog toe nie besorg was om elke kind die noodsaaklike beginsels te leer om woede te hanteer of geskille positief te besleg nie. Daar is ook ‘n gebrek daaraan om ‘n kind vaardighede van empatie, impulsbeheer of enige van die ander grondbeginsels van emosionele bekwaamheid aan te leer.

Navorsing toon aan dat woede die negatiefste emosie is wat ‘n mens kan ervaar en dat dit tog dié emosie is wat in elke mens leef. Verder bevestig literatuur dat kinders van vroeg af geleer word dat dit verkeerd is om kwaad te word (Blom, 2004:23 asook Schoeman, 1996:182). Die studie word dus onderneem om die effek van musiek op die aggressievlakke by die tienjarige te ondersoek.

Die motivering vir die studie het oor ‘n tydperk ontwikkel vanuit die navorser se interaksie met en ervaring van skoolkinders by ‘n plaaslike laerskool, waar die meeste kinders wat verwys word vir spelterapie verskillende grade van aggressie openbaar. Dié verwysings word meestal deur onderwysers en tot ‘n mindere mate deur die ouers van die kinders gedoen. Hierdie gegewens, die navorser se liefde vir musiek en die

vraag of dit ‘n effek op die emosies, veral aggressiewe emosies by die kind kan hê, het ‘n geleentheid vir die navorser gegee om vanuit ‘n navorsersrol vir Gestalspelterapeute duidelikheid te bied. Vanuit bestaande navorsing, ‘n literatuurstudie en eksperimente met ‘n groep kinders, is inligting bekom oor musiek, aggressie, die laerskool lewensfase asook die Gestaltbenadering. Die geleentheid is dus benut deur van die kwantitatiewe navorsingsproses gebruik te maak en ‘n konsepsuele raamwerk vir Gestaltspelterapeute saam te stel deur die effek van musiek op die aggressievlakke by kinders te ondersoek.

Nicol (1996:19) spreek al vir etlike jare ‘n nuwe behoefte uit om musiek se rol en plek as ‘n geheel weer deel te maak van ‘n holistiese en geïntegreerde konteks. Die gefragmenteerde en individualistiese tyd waarin veral die Westerse samelewing tans verkeer, toon aan dat musiek nie die belangrike herstellende en helende rol speel wat eenheid kan bewerkstellig nie.

Vanuit minder resente literatuur is enkele voorbeelde gevind dat musiek ‘n verskil kan maak in die aggressievlakke by kinders. Bunt (1994:52) beskryf ‘n dekade gelede die effek wat dit op ‘n tienjarige seun, Mike, gehad het. Hy is deur onderwysers verwys vir musiekterapie as gevolg van gedragprobleme wat veral uitbarstings van destruktiewe en aggressiewe optrede ingesluit het. Deur vir Mike die geleentheid te gee om in kontak te kom met die probleemareas van sy lewe en om nuwe strategieë te integreer ten einde balans te verkry, het sy gedragsprobleme verander. Inligting oor hoe die proses hanteer is, asook die aanwending van musiek as ‘n hulpmiddel met die oog op die emosionele bevoegdhede van die laerskoolkind, is egter onduidelik.

Hoskyns (1995:146) verwys ook in ‘n minder resente bron na musiekterapie wat sy met volwasse gevangenes gedoen het. Sy meld dat kliënt G in die aanvangsfase van terapie by tye ontwrigtend en aggressief binne die groep was. Binne twee musiekterapiesessies het sy gemoedstemming begin verander. Dit toon aan dat musiekterapie in die verlede op klein skaal, gebruik is om gevoelens van aggressie te

verlaag. Dit is waarskynlik so, aldus die navorser, dat musiek in die verlede dikwels tot groter ontspannenheid by groepe gely het.

Volgens Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:31) is dit belangrik om die kind se selfbewustheid aan te spreek en om hom deur middel van strategieë behulpsaam te wees om moeilike situasies te bestuur sodat hy vanuit sulke suksesse leer om verantwoordelikheid vir sy eie gedrag te aanvaar. Die laerskoolkind beskik gedurende hierdie lewensfase oor bepaalde vermoëns wat ontdek en aangewend behoort te word. Bewusmaking van sy interaksie met sy omgewing tussen die onderskeie ontwikkelingsvlakke en sy eie proses, kan daartoe bydra dat hy vir toekomstige verhoudings gereed sal wees om sekere besluite te neem oor die hantering van sy emosies. Wait, Meyer en Loxton (2003:25) bevestig dat dié kind meer geneig is om ander se gevoelens in ag te neem en meer sensitief kan optree. Daarom behoort dié navorsingsdata en die toepassing daarvan met behulp van die ondersteuning van ‘n Gestaltspelterapeut hom tot hulp te wees om toekomstige probleme te voorkom.

Vanuit die navorser se persoonlike perspektief en ervarings in die praktyk, het ‘n behoefte ontstaan om musiek en aggressie verder na te vors, kennis oor die ontwikkelingsfase van die middelkinderjare in te win en die effek daarvan op dié kind te verken en vas te stel, asook om dit te beskryf met die oog op verdere hulpverlening. Alhoewel opvoeding en opleiding, aldus die navorser, die hoofrede is vir skoolbywoning, is elke kind ook geregtig daarop om op ‘n unieke wyse hanteer te word ten opsigte van sy opvoeding in belang van sy sosialisering. Sy behoefte aan portuurgroepaanvaarding en ondersteuning asook kwaliteite waaroor hy reeds tydens hierdie fase behoort te beskik, naamlik kommunikasie, empatiese begrip, emosionele aspekte en innoverende kognisie, aldus Shaffer (2002:601-602), dra daartoe by dat hy beïnvloedbaar is en na balans kan reik. Omgewingsteun behoort sodoende meer na selfsteun te verskuif.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

Volgens Mouton (2002:91) hou die probleem en ondersoekvraag verband met die doel van die studie. Die laerskoolkind verkeer in ‘n lewensfase wat deur verskeie skrywers nagevors word. Dit blyk duidelik dat hy reeds oor waardevolle vermoëns vir sinvolle interaksie behoort te beskik, maar dat hy dus ook daarvan bewus gemaak behoort te word. Verder het hy ook bepaalde behoeftes eie aan sy lewensfase wat verband hou met omgewingsteun. Sy totale ontwikkeling bestaan uit verskeie ontwikkelingsterreine wat nagevors behoort te word, omdat dit met mekaar verband hou. Die interafhanklikheid veroorsaak dat die kind se kognitiewe terrein byvoorbeeld nie alleen blootgestel kan word nie al het hy die reg tot opleiding en skoolbywoning.

Tydens die interaksie met ander en die uitwerking daarvan op die ontwikkelingsterreine, wat deurtentyd onderling plaasvind, word die besluit wat die kind neem, of sy gedrag, reaksie of tipe gesprek, dikwels vanuit sy emosionele gerig. Emosionele probleme en gedragsprobleme neem by kinders in kleuterskole en skole, aldus De Klerk en Le Roux (2003:10), skrikwekkend toe. Verder meen dieselfde navorsers dat die waarde van die emosionele komponente onderskat word en is aggressie oor die geheel dus ook ‘n probleem. In die ouerhuis en skool is die reaksie op aggressie negatief en daar word nie voldoende aandag gegee aan die nodige beginsels vir die suksesvolle hantering daarvan nie (De Klerk & Le Roux: 2003:10). Aggressiewe gedrag by die laerskoolkind behoort aandag te geniet as gevolg van die impak wat sulke gedrag op homself en sy omgewing het.

Die probleem wat dus vir die doeleindes van hierdie ondersoek aangespreek is, is dat sover vasgestel kon word, daar nie ‘n teoretiese perspektief bestaan om die effek van musiek op die aggressiewe laerskoolkind vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese raamwerk aan te spreek nie.

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE VAN STUDIE

Vir die doeleindes van hierdie navorsing word die volgende beskrywing voorgehou:

1.4.1 Doelstelling

De Vos (2002:404) se mening word ondersteun, naamlik dat die doelstelling die oorhoofse uitkoms is wat benodig word. Die doelstelling van hierdie navorsing is om 'n verkennende en beskrywende ondersoek te onderneem na die effek van musiek op die aggressiewe laerskoolkind vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese raamwerk.

1.4.2 Doelwitte:

Die mening van Fouché (2002:107) is dat 'n doelwit 'n spesifieke verandering is wat plaasvind in die praktyk.

Ten einde bogenoemde doelstelling van hierdie navorsing te kon bereik is die volgende doelwitte geïdentifiseer.
Hierdie navorsing wil:

- in die eerste fase van die navorsingsproses eerstens 'n literatuurstudie onderneem met vier sentrale temas as fokuspunt. Dit sluit in die konsepsuele verkenning, verfyning en beskrywing van die:
    - oorsake van aggressie as verskynsel;
    - benuttingswaarde van musiek as 'n universele kommunikasiemedium;
    - 'n Gestaltperspektief op musiek en aggressie; en
    - invloed van aggressie en musiek op die kind in die middelkinderjare.

- in die tweede fase van die navorsingsproses tweedens 'n eksperiment doen met Graad 4 leerders van Onze Rust Laerskool om die effek van musiek op aggressie te toets.

- in die derde fase derdens 'n prototipe riglyn vir verdere navorsing en praktykbeoefening saamstel en aanbevelings maak. Dit word dus in die vooruitsig gestel om van die kwantitatiewe navorsingsproses gebruik te maak om 'n konsepsuele raamwerk vir Gestaltspelterapeute saam te stel oor die effek van musiek op die aggressievlakke van die kind in die middelkinderjare.

1.5 NAVORSINGSVRAAG EN HIPOTESE

Blaikie (2000:61) vermeld dat navorsingsvrae in drie kategorieë verdeel kan word, naamlik: wat, hoe en hoekom-vrae. Zaaiman (2003:13) sluit hierby aan deur te noem dat die navorser geïnspireer word deur sy belangstelling, idees en/of navorsingsdata vanuit die literatuur, en ook vrae kan vra wat uit die navorsingsprobleem spruit en deeglik gefundeerd is. Die wát-vrae behoort, aldus die navorser, verkennende, beskrywende of evaluerende antwoorde vir hierdie studie te weeg te bring. Ten einde die ondersoek te rig, is die volgende navorsingsvraag relevant: Wat is die effek van musiek as 'n hulpmiddel vanuit 'n Gestaltspelterapeutiese perspektief op die aggressievlakke van die laerskoolkind?

Huysamen (1993:10) konstateer dat waar moontlik, die betrokke navorsingsprobleem in 'n navorsbare formaat omgeskakel behoort te word, naamlik in 'n navorsingshipotese. Die navorsingshipotese vir hierdie studie is dus 'n positiewe stelling oor die verband tussen veranderlikes. Dit word soos volg geponeer: Indien musiek binne 'n Gestaltspelterapeutiese raamwerk as hulpmiddel gebruik word, dan sal dit 'n effek hê op die aggressiewe laerskoolkind.

1.6 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Volgens Strydom (2002:255) moet die navorsingsmetodologie volledig beskryf word ten einde aan die navorser in die navorsersrol duidelikheid te bied oor die navorsingstappe wat vir die studie gevolg gaan word. Vervolgens word die belangrikste stappe wat vir die ondersoek noodsaaklik was, voorgehou.

1.6.1 Soort navorsing

Navorsing het 'n verkennende en beskrywende funksie wanneer die navorser vrae vra soos "Wat" en "Watter" (Neuman, 2003:88). In die lig van die doelstelling en doelwitte wat vir hierdie navorsing geformuleer is, is dit duidelik dat die resultate tog 'n effek op toekomstige dienslewering sal hê, aangesien 'n spesifieke probleem aangespreek is (Neuman, 2003:22).

Fouché (2002:108) noem tereg dat toegepaste navorsing meestal ‘n wetenskaplike beplanning is wat verandering in moeilike situasies wil bring. Musiek is dus die medium waardeur verandering teweeg gebring wil word vir ‘n spesifieke groep kinders wat ‘n probleem ervaar. Fouché (2002:96-99) meen dat die doel van die oorspronklike ondersoekwerk wat verrig word, is om wetenskaplike en tegnologiese kennis met praktiese benutting as uitsluitlike oogmerk te vermeerder. Daar is dus vir die doeleindes van hierdie navorsing gepoog om vanuit ‘n Gestaltspelterapeutiese raamwerk tot gevolgtrekkings te kom en aanbevelings vir ‘n prototipe riglyn te maak. Die voorstellings kan vir praktiese benutting deur Gestaltspelterapeute gebruik word om musiek as ‘n hulpmiddel aan te wend vir aggressiewe laerskoolkinders. Die rol van die navorser was om nuwe kennis te bekom en om as gevolg van die verkennende aard daarvan, bestaande kennis te verfyn en begrip te vermeerder. Die fokus was op die kind in die laerskool, wie aggressie ervaar, en om die effek van musiek as ‘n hulpmiddel vanuit ‘n Gestaltbenadering te ondersoek vir toekomstige benutting in die praktyk. Die beskrywende aard van die navorsing is uitgeoefen deur ‘n weergawe van ‘n spesifieke werksterrein en die karaktereienskappe van ‘n populasie, volgens Neuman, soos aangehaal in Fouché (2002:109), te beskryf.

1.6.2 Navorsingsbenadering

Vanuit die keuse van die navorsingstradisie, is die bepaalde navorsingsbenadering wat beplan was, gevolg, naamlik kwantitatiewe navorsing wat eksperimenteel, evaluerend en beskrywend van aard is en toegepas gaan word. Volgens Fouché en Delport (2002:79) is die doel van kwantitatiewe navorsing: “…to measure the social world objectively, to test hypotheses and to predict and control human behaviour.” Die navorser het gepoog om in hierdie studie die rol van ‘n objektiewe waarnemer in te neem. Daar is gepoog om tydens verskeie voorafgeformuleerde eksperimente die navorsingsvraag en hipotese, naamlik die effek van musiek op die aggressiewe laerskoolkind, te toets.

1.7 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKSWYSE

Wanneer eksperimentering as navorsingstrategie gebruik word, is dit volgens Fouché (2002:275) nodig om die fenomeen in detail en in diepte te beskryf en word daar gebruik gemaak van veelvuldige inligtingsbronne. Vir die doeleindes van hierdie studie is die volgende insamelingsmetodes gebruik:

1.7.1 Insameling van inligting

Wanneer kwantitatiewe navorsing gevolg word, is dit nodig dat verskillende inligtingsinsamelingsmetodes benut word en ‘n paslike ontledingstrategie gevolg word. Die inligting vir hierdie studie is ingesamel deur die bestudering van beskikbare literatuur en deur verskeie eksperimente uit te voer.

1.7.1.1 Die bestudering van literatuur

Alhoewel die bestudering van literatuur ‘n gegewenheid binne navorsing is, het die literatuur vir hierdie ondersoek ‘n grondslag en basis gebied waarop die daaropvolgende data ingesamel is. Vier sentrale temas is in die literatuur verken en beskryf:

- Aggressie as verskynsel;
- Musiek as universele kommunikasiemedium;
- Die invloed van aggressie en musiek op die kind in die middelkinderjare; en
- ‘n Gestaltperspektief op aggressie en musiek.

1.7.1.2 Eksperimente om waar te neem wat die effek van musiek op aggressie is

Die doel, volgens Huysamen (1993:24,52) en Zaaiman (2003:42), van eksperimentele navorsing is om te bepaal of een of meer spesifiek gekose veranderlike, bekend as die *onafhanklike veranderlike,* ‘n ander veranderlike, die *afhanklike veranderlike*, beïnvloed. Dit beteken dat die navorser poog om oorsaaklike verbande aan te toon. Wanneer daar van eksperimentering as ‘n vorm van inligting-insameling gebruik gemaak word, is dit belangrik om die interne geldigheid te bepaal. Met die interne geldigheid word, aldus Huysamen (1993:33), bedoel die mate waarin die verandering

aan die onafhanklike veranderlike eerder as aan ander veranderlikes toegeskryf kan word. Musiek, as ‘n onafhanklike veranderlike, is gebruik om aggressie, as afhanklike veranderlike, te beïnvloed. Stappe van die enkelstelselontwerp (A-B-A) is benut en ‘n grafiese skaal is gebruik. (Vergelyk Delport, 2002:186.) Die groep respondente, wat bestaan het uit laerskoolkinders, is gelei om hul gevoelens weer te gee deur ‘n keuse te maak uit ‘n aantal gesiggies op ‘n vel papier. Elke gesiggie dui ‘n ander moontlike emosie aan. Volgens Oaklander (in Blom en Dhansay, 2004:257) kan gesiggies gebruik word: “…to draw happy, sad, scared or angry feelings (or faces), can lead to the projection of their unexpressed emotions.”

1.7.2 Ontledingstrategie

Geskrewe beskrywings van die waarnemings, prosesnotas of *observasieaantekeninge*, aldus Huysamen (1993:277), is die vorm van ontledingstrategie wat gebruik is. Die analitiese aantekeninge vorm die grondslag waarvolgens konstrukte, tentatiewe hipoteses en moontlike teorieë wat hierdie konstrukte in verband met mekaar bring, geformuleer kan word.

1.8 UITVOERBAARHEID VAN DIE STUDIE

Vervolgens word die volgende aspekte kortliks uitgelig, ten einde op die sinvolle uitvoerbaarheid van die studie te kan fokus.

‘

1.8.1 Literatuurstudie

Die doel van ‘n deeglike literatuurstudie is aldus Babbie (in Fouché en Delport, 2002:266) om vir die navorser ‘n raamwerk te skep waarbinne bestaande bevindinge en leemtes verken en beskryf kan word. Vir dié doel het die navorser sowel resente as ouer, plaaslike en internasionale bronne, asook resente tydskrifartikels geraadpleeg oor die vier hoofkonsepte van die navorsing, naamlik: aggressie as verskynsel, musiek as kommunikasiemedium, die middelkinderjare lewensfase en die Gestaltperspektief. Literatuur vanuit die hulpprofessies is ook geraadpleeg. Hierdie insameling van inligting is moontlik gemaak deur die hulp van die Vakreferente by die biblioteek van

die Universiteit van Suid-Afrika asook die Universiteit van die Vrystaat. Die volgende soektogte is onderneem:

- ‘n Databasissoektog van verwysings na tydskrifartikels en boeke in die Sielkunde, Maatskaplike Werk, Musiek en Mediese Wetenskap.
- Literatuursoektogte is met behulp van verskeie indekse, onder andere EBSCO Online; Oasis en Magnet bekom.
- Verskeie toepaslike materiaal is ook op die Internet opgespoor.

Soos reeds genoem is die fokus van hierdie studie om die effek van musiek op die aggressiewe laerskoolkind waar te neem. Ten einde inligting oor hierdie fokus in te samel is bronne oor aggressie, musiek, die ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare asook die Gestaltperspektief geraadpleeg. Deur bogenoemde bestudering is daar, sover vasgestel kon word, onder andere gevind dat geen beskikbare literatuur die emosionele sy van aggressie en woede beskryf nie en dat daar gefokus word op aggressie as ‘n gedragsvorm. Die navorser kon ook geen beduidende literatuur vanuit ‘n bepaalde teoretiese perspektief vind waar musiek as hulpmiddel gebruik word om aggressie by die laerskoolkind te beïnvloed nie. In vandag se samelewing is daar groot druk op die kind om op skool- en sportgebied asook in sosiale verhoudings te presteer. Die Gestaltbenadering bied vir sowel ‘n teoretiese perspektief as vir praktykbeoefening geleentheid om op ‘n praktiese wyse die kind bewus te maak van sy emosies van aggressie en woede en die aanleer van positiewe alternatiewes vir sosiaal onaanvaarbare gedrag.

1.8.2 Voorondersoek

“n Voorondersoek het, volgens Huysamen (1993:205), ten doel om die uitvoerbaarheid van die beoogde projek te ondersoek en om moontlike gebreke in die metingsprosedure en in die operasionalering van die onafhanklike veranderlike aan die lig te bring. Aangesien die basiese eksperimentele enkelstelselontwerp gebruik is, wat met die subontwerp A-B-A voorgestel kan word, was dit nie nodig vir ‘n formele voorondersoek nie.

Daar is die afgelope maande, aldus die navorser, heelwat kinders wat een of ander vorm van aggressie openbaar, na die navorser se praktyk by die skool, verwys. Hierdie verwysings het ‘n verband gehad met die voorondersoek. By nadere ondersoek en as gevolg van konsultasie met kundiges op ‘n informele vlak, is min inligting gevind vir die beskrywing van positiewe alternatiewes vir aggressie en woede. Daar het dus oor ‘n tydperk by die navorser ‘n behoefte ontstaan om te eksperimenteer met musiek en aggressie. Die verloop van die voorondersoek het verder ingesluit ‘n besoek aan die klas om die dinamiek van verhoudings tussen die moontlike proefpersone onderling en tussen hulself en hul onderwyseres, waar te neem.

1.8.3 Omskrywing van universum, populasie, afbakening van die steekproef en die wyse van steekproefneming

Die universum verwys na alle potensiële subjekte wat oor die kenmerke beskik waarin die navorser geïnteresseerd is aldus Arkava & Lane (in Strydom & Venter, 2002:198). Die universum, of totale populasie, bestaan vir die doeleindes van hierdie studie uit alle kinders tussen 10 en 12 jaar, soos oor die algemeen die inter-midiêre fase of ook die middelkinderjare lewensfase genoem (Louw, Van Ede & Ferns, 1998:326), Die groep kinders wat in die studie ingesluit is, het gekom vanuit ‘n Blanke Westerse agtergrond. Daar was ook ‘n kind uit ‘n Kleurling Westerse en een uit ‘n Swart Westerse agtergrond.

Die populasie is volgens Arkava & Lane (in Strydom & Venter, 2002:198): “…a term that sets boundaries on the study units. It refers to indiviudals in the universe who possess specific characteristics.” Die populasie vir dié studie sluit alle laerskole in die Bloemfonteingebied, in die Vrystaat, in.

Daar is gebruik gemaak van doelbewuste steekproefneming wat ‘n vorm van nie-waarskynlikheidseleksie is. Volgens Singleton (in Strydom & Venter, 2002:207) berus dit op die oordeel van die navorser, deurdat die navorser ‘n steekproef persone saamstel wat volgens sy mening tipiese kenmerkende eienskappe van die populasie openbaar en wat besonder informatief is. Die steekproef het bestaan uit ses-en-

twintig tienjariges wat vir die doel van die navorsing uit die leerdertal van Onze Rust Laerskool geselekteer is. Strydom (2002:212) verklaar dat die navorser eers ‘n voorafgaande kriteria saamstel wat tydens die steekproefneming al in aggeneem behoort te word. Die kriteria wat gegeld het, het slegs tienjariges afkomstig van dieselfde klas, gesinstipe en gesinsgroep ingesluit.

1.9. ETIESE ASPEKTE

Die feit dat daar gebruik gemaak is van kinders en hulle ouer(s) as objekte vir die studie, bring mee dat dit belangrik was om sekere etiese aspekte in aanmerking te neem, aldus Strydom (2002:62). Etiese riglyne dien volgens Strydom (2002:63), as standaard en die basis waarop elke navorser sy motivering evalueer en behoort deel te wees van sy lewenswyse. Vir die doeleindes van hierdie studie, is die volgende etiese aspekte geïdentifiseer en toegepas:

- ‘n Skriftelike toestemmingsvorm (Bylaag B) is deur die ouer voltooi.
- Skriftelike toestemming is by die Beheerliggaam van die skool verkry om die respondente vir die navorsing te kon betrek. (Bylaag A)
- Deelname het op ‘n vrywillige basis geskied en geen respondente is gedwing om aan die navorsing deel te neem nie.
- Alle inligting is konfidensieel hanteer en proefpersone se privaatheid is te alle tye gerespekteer deurdat die persoonlike inligting in ‘n kabinet bewaar is waar slegs professionele persone toegang tot die inligting het.
- Anonimiteit is deurgaans gehandhaaf.
- Proefpersone is akkuraat ingelig oor die doel en proses alvorens hulle toestemming gegee het tot deelname.
- Erkenning is aan bestaande literatuur wat tydens die studie benut is, gegee.

1.10 DEFINIËRING VAN KONSEPTE

Dubin (in De Vos, 2002:29) stel die term konsepte bekend deur soos volg daaroor te skryf: “ …for those aspects of the world that constitute the subject matter of a given scientific discipline, terms must be available. The terms designating the things about

which a science tries to make sense are its concepts." Die belangrikste konsepte vir hierdie studie word duidelikheidshalwe vervolgens kortliks toegelig.

1.10.1 AGGRESSIE

Wanneer Prochaska en Norcross (2003:44, 78, 120) aggressie of woede definieer, verkies hulle die woord vyandigheid. Volgens hierdie navorsers beskou die Freudiane (in Prochaska en Norcross, 2003:44) geweld as 'n refleksie van die aggressie wat inherent teenwoordig is by die mens. Tinbergen en Lorenz (in Prochaska & Norcorss, 2003:44) het gevind dat diere hul instinkte gebruik om aggressie te ontlaai. Net so was Freud van mening dat die menslike dier ook oor aggressiewe instinkte beskik wat ontlaai en vernietig. Dit blyk dus dat aggressie 'n instink is waaroor daar nie beheer uitgeoefen kan word nie.

Adler (in Prochaska & Norcross, 2003:78) beskou die mens se aggressie as instink en dié belangrikste dryfveer. Vir sommige bied dit 'n supirieure gevoel. Volgens die Eksistensialiste (in Prochaska & Norcross, 2003:120) kan vyandigheid of aggressie lei tot angs en 'n gepaardgaande behoefte om leuens te vertel. Hierdeur laat die mens homself en ander verstaan dat hy nooit woede ervaar nie. Pogings om woede te onderdruk kan aanleiding gee tot 'n onwilligheid om betrokke te raak in verhoudings omrede die frustrasie daarvan moontlik kan lei tot vyandigheid of aggressie. Afsluiting of ontkenning van 'n mens se gevoelens van aggressie, kan ook lei tot depressie en 'n gevoel van leegheid. Die fokusarea is dus dat die mens vry behoort te wees om sy aggressie of vyandigheid uit te leef, al beteken dit dat ander deur middel van die aggressie benadeel word.

Carl Rogers (in Prochaska & Norcross, 2003:155) was van mening dat aggressie 'n inherente dryfveer is wat beheer moet word en is dit 'n reaksie as gevolg van te veel ouerlike beheer. Dit manifesteer ook wanneer individue nie daartoe in staat is om gevoelens van woede uit te druk, sonder om skuldgevoelens of gevoelens van waardeloosheid as gevolg daarvan te ervaar nie.

Prochaska & Norcross (2003:189) konstateer, aldus die navorser, dat vanuit ‘n Gestaltperspektief aggressie verteenwoordigend is van probleme met grense. Mense identifiseer met gevoelens van liefde, vriendelikheid en goedheid en sluit dit in hul egogrense in. Dié dele van die mens wat vir hom vreemd of bedreigend is, word buite sy egogrens geplaas en is die voorwerp van aggressie. Aggressie word meestal binne verhoudings met ander ervaar, waar dit veral gerig word op daardie kwaliteite in die ander persoon wat die individu onteien en buite sy grense geprojekteer het. Kontak word verbreek uit vrees dat openhartigheid aanleiding sal gee tot die uitdrukking van aggressie, wat op sy beurt tot onafgehandelde sake kan lei.

Vir die doeleindes van hierdie ondersoek is dit interessant om te let op die kontakgrensversteurings wat ontstaan omdat die kind nie toestemming het om sy gevoelens van aggressie en woede te mag ervaar nie. As gevolg hiervan projekteer hy dit op sy omgewing met byvoorbeeld woorde soos: “Jy maak my kwaad”. Daardeur neem hy nie verantwoordelikheid vir sy eie gevoelens en gedrag nie.

Voorstanders van die Transaksionele Analise Teorie (in Prochaska & Norcorss, 2003:227) verklaar dat aggressie nie ‘n inherente impuls is wat wil vernietig nie, maar eerder binne verhoudings die ander weerhou van nabyheid of intimiteit. Vanuit die Kognitiewe Denkrigting (in Prochaska & Norcross, 2003:347) word aggressie beskou as die irrasionele gevolg van drie beskouings, naamlik ‘n ingebore biologiese neiging tot aggressie; onaangename, frustrerende gebeure asook ‘n geneigdheid om negatief te dink oor gebeure.

Hierdie navorsing het egter ook ten doel om die leser bewus te maak van die emosionele aspek van aggressie en woede en dat dit nie buite rekening gelaat behoort te word nie. Tydens die literatuuroorsig en empiriese navorsing was die fokus daarop om die kind bewus te maak van sy emosies van woede, sensoriese waarneming en bewuswording daarvan, watter fisiologiese reaksies dit meebring en watter positiewe alternatiewe(s) hy kan gebruik.

1.10.2 MUSIEK

Musiek as verskynsel word op verskeie maniere beskryf. Die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT, 2004) se definisie van musiek is: "Kuns om aangename verbindings van klanke te maak waardeur in skone vorm aan gevoelens uiting gegee word."

Musiek en ritme is, aldus Neethling (1999:83), vir eeue reeds 'n primitiewe wyse van kommunikasie. Elke mens het 'n ingebore ritme en beweging in homself wat Neethling as die rede beskou waarom musiek as 'n universele gespreksmiddel en taal gebruik kan word wat oor grense strek. Waar taal gebrekkig is, kan musiek die plek inneem van kommunikasie, aangesien musiek, en veral om musiek te maak, belangrike emosionele en ekspressiewe waarde het.

Van Velden (2002:67-68) fokus vir die doeleindes van hierdie navorsing op die meetbare fisiologiese effek van musiek, wat die volgende insluit: verlaging van bloeddruk, hartklop en spieraktiwiteite asook verandering in die vlak van asemhaling. Al hierdie veranderinge het te doen met ontspanning. Musiekterapie opsig self is, aldus die navorser, 'n baie effektiewe middel om pyn te verlig omrede dit 'n hulpmiddel is om gevoelens uit te druk, wat weer sal bydra dat spanning, angs en pyn verminder. Die groot voordeel van musiek binne terapie is dus die ontspannningseffek. Dit is belangrik om vir hierdie navorsing vas te stel waarom musiek as hulpmiddel vir aggressie ingespan kan word.

Thompson & Rudolph (1996:206) rapporteer soos volg: "…the other expressive arts of music and movement, was also effective with violent clients, who are likely to be limited in requisite verbal skills and creative resources for expressing and testing alternative appraisals of life events." Musiek kan dus 'n verbale of nie-verbale alternatief bied om aggressie uit te druk. Vir die kind in die middelkinderjare lewensfase kan dit dus dien as 'n kommunikasiemedium.

Die sentrale deel van die brein as ‘n belangrike aspek van die fisiese en fisiologiese area van ontwikkeling, en wat beslis nie buite rekening gelaat behoort te word nie, is die area in die brein waar emosie hoogty vier en waar die drang na oorlewing voorkom. In die buitenste omhulsel, die korteks, het vaardighede soos logika en spraak hul oorsprong. Wanneer die kind spanning en angs ervaar, beïnvloed dit die doeltreffende funksionering van die korteks. Die sentrale deel van die brein neem dan oor en die angs word as ‘n sterk emosie belewe. Logika en kalme beredenering speel dan geen rol nie. Rustige musiek kan die kind help om te ontspan en die brein terug te lei na ‘n toestand van alfaritme en sy aandagspanprobleme gevolglik verbeter (Neethling, 1999:44-45).

1.10.3 DIE MIDDELKINDERJARE

Volgens Louw, Van Ede en Ferns (1998:326) en Shaffer (2002:4) staan die tydperk tussen die sesde en twaalfde lewensjare algemeen bekend as die middelkinderjare. Dit is ‘n tydperk van relatiewe rustigheid en kalmte as dit vergelyk word met die vinnige ontwikkeling van sowel die voorafgaande kinderjare as die daaropvolgende adolessente jare. Die kind in die middelkinderjare lewensfase beleef volgens De Klerk & Le Roux (2003:23) tydperke van verhoogde emosionaliteit, sal sy gevoelens lug eerder as beheer, dit meer geredelik benoem en behoort pogings aan te wend om dit te begryp. Groepsaanvaarding en groepsbetrokkenheid is verdere belangrike ontwikkelingsmylpale tydens die middelkinderjare.

In die algemeen sluit die riglyne vir ontwikkeling by die kind tydens die middelkinderjare gewoonlik die emosionele, intellektuele, fisiese en sosiale groei in. Ten einde ‘n holistiese perspektief te bied gaan daar gefokus word op die emosionele, intellektuele, fisiese en sosiale ontwikkeling van die kind tydens die middelkinderjare.

1.10.3.1 Emosionele ontwikkeling

Volgens Pledge (2004:9) is gehegtheid ‘n belangrike komponent van emosionele ontwikkeling omdat dit nou verbind word met gevoelens van sekuriteit en onsekerheid. Kinders, en selfs adolessente se pogings om te kompenseer vir gevoelens van

onsekerheid, word baie keer in aggressiewe gedrag geopenbaar. In die verlede is aggressiewe gedrag geassosieer met swak sosiale vermoëns, verhoogde gesinspanning en hoë vlakke van angs.

‘n Gebrek aan bewustheid by die kind is binne die normale ontwikkeling van emosies. Die gebruik van aggressiewe gedrag in ‘n poging om te kompenseer vir die gebrek aan vermoëns, of vir onsekerheid, word dus oor die algemeen as normaal beskou. Wanneer hierdie gedrag egter tydens die middelkinderjare tot en met adolessensie gepaard gaan met ‘n gebrek aan selfregulering, word dit beskou as buite die konteks van die normale grense (Pledge, 2004:9). Die voorkoms van aggressiewe gedrag tydens die middelkinderjare en adolessensie, maak dus intervensie met die doel om die kind te help met ‘n basiese kennis van die emosies, identifisering van sy emosies en die suksesvolle regulering of die bestuur van die emosies, noodsaaklik. Die kind kan dus gehelp word om veral in nuwe situasies, sy gevoelens te hanteer. Musiek kan gebruik word om ‘n ontspanningseffek te verkry.

Die emosionele ontwikkeling van die kind in die middelkinderjare word gekenmerk deur emosionele buigsaamheid en onderskeiding. Die kind se uitdrukking van emosies soos woede of aggressie is nou verwant aan sy psigososiale ontwikkeling (Blom & Dhansay, 2004:245). Die kind in hierdie fase leer dus om sy emosies uit te druk, te beheer, te onderdruk of weg te steek. Hierdie inligting het die navorsingsonderwerp beklemtoon as die regte keuse en dus ook ‘n rede vir die uitvoerbaarheid daarvan.

1.10.3.2 Kognitiewe ontwikkeling

Die intellektuele en kognitiewe ontwikkeling van die kind stel hom in staat om kennis uit te brei en die ontwikkeling van skolastiese vaardighede, naamlik om te lees, reken en skryf te bemeester. Opvoedkundig beskou is dit van die belangrikste ontwikkelingstake gedurende hierdie tydperk. Verder ontwikkel die kind se denkvermoë ook weg van die spesifieke en meer na die algemene, wat die kind dus

inlei tot die vermoë tot ware redenering. Piaget noem dit ‘n periode van konkreet-operasionele denke (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:292).

Die kognitiewe ontwikkeling van die kind beïnvloed sy gedrag en stel hom in staat om sy wêreld beter te beheer (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:329). Dit is dus belangrik dat die kognitiewe ontwikkeling van die kind in die hantering van aggressiewe gedrag deeglik verreken word.

1.10.3.3 Fisiese ontwikkeling

Die fisiese mylpale van die kind is die ooglopendste en opvallendste van die ontwikkelingskenmerke by die kind. Die snelle liggaamlike ontwikkeling van die voorskoolse jare neem teen die middelkinderjare af, om tydens die adolessente jare weer te versnel. Kenmerkend van die liggaamlike groei in die middelkinderjare is dat die arms en bene vinniger as die romp groei. Hierdie feit is grootliks daarvoor verantwoordelik dat kinders tydens die vroeë kinderjare dikwels ‘n kenmerkende spigtige voorkoms het.

Die motoriese vaardighede asook die interaksie tussen motoriese en kognitiewe vermoëns ontwikkel dramaties tydens die middelkinderjare. Dit beteken dus dat die laerskoolkind ook die vermoë kan ontwikkel om sy denke in te span ten einde bewus te raak van aggressie en woede en dit te beheer. As die aard van die aktiwiteite waardeur hierdie vermoëns ontwikkel kan word in gedagte gehou word, is dit duidelik dat kinders die plek, ruimte en geleentheid moet hê om byvoorbeeld boom te kan klim, ‘n bal te kan gooi en te kan hardloop (Van der Westhuÿsen & Schoeman, 1985:288). In stede met hoëdigtheidsbehuising waar daar nie geleentheid vir hierdie aktiwiteite is nie, sou dit tot verhoogde aggressie kon bydra. Musiek kan dus as hulpmiddel gebruik word om aggressiewe energie uit te druk.

1.10.3.4 Sosiale ontwikkeling

Tydens die middelkinderjare ontwikkel die kind se bewustheid van en betrokkenheid by die samelewing aansienlik. Aangesien ‘n kind in hierdie ontwikkelingstadium skool

toe gaan en daardeur met al hoe meer ander kinders en volwassenes in aanraking kom en later ook by ander sosiale aktiwiteite betrokke raak, brei hul sosiale omgewing dramaties uit, aldus Gottman en Mettetal (in Denham & Kochnahoff, 2002:247).

In die proses van sosialisering tydens die middelkinderjare speel maats en die portuurgroep ‘n baie belangrike rol. Spel word bepaal deur die ingewing van die oomblik en enigeen wat wil, speel saam. Die spel van kinders in hierdie ouderdomsgroep word gekenmerk deur die speel van speletjies wat bepaalde reëls het. Die vermoë om met ander kinders in interaksie te verkeer en te hou by die reëls van die speletjie, vereis emosionele, kognitiewe, liggaamlike en sosiale vaardighede. Spel is dus, aldus die navorser, ‘n baie belangrike bousteen vir ‘n holistiese ontwikkeling tydens hierdie lewensfase.

1.10.4 DIE GESTALTBENADERING

Aronstam (1989:630) konstateer dat die Gestaltbenadering deur verskeie teoretiese modelle beïnvloed is en dat dit nie uitsluitlik uit nuwe en revolusionêre idees ontstaan het nie. Die wyse waarop dit egter gebruik en georganiseer word, gee dit ‘n unieke karakter. Volgens Blom (2004:2) beteken die Duitse woord “Gestalt” die strukturele entiteit wat beide verskillend is van en baie meer is as die som van sy dele. Die beste Afrikaanse verduideliking van die woord gestalt, is “geheel”.

Gestaltterapie is aldus Oaklander (in Kaduson & Schaefer, 2000:28) grotendeels deur Fritz Perls ontwikkel, terwyl Oaklander as die grondlegger van Gestaltspelterapie beskou word. Oaklander (1994:281; in Kaduson & Schaefer, 2000:28; Blom, 2004:8) is van mening dat Gestaltterapie ‘n humanistiese, prosesgeoriënteerde vorm van terapie is wat gemoeid is met alle aspekte van ‘n persoon se sintuie, liggaam, emosies en intellek. Hierdie navorsing word juis gerig deur die paradigma wat inhoudelik fokus op die effek van musiek en aggressie op die emosionele, kognitiewe, fisiese, wat die sintuie insluit, en sosiale aspekte van die kind in die middelkinderjare lewensfase. Gestaltterapeute is van mening dat ‘n respons op ‘n situasie ‘n geheel moet wees en dus die totaliteit van die persoon moet insluit. Deur die vorming van ‘n gestalt word

daar betekenis gegee aan wat met ‘n persoon gebeur. Die begrip Gestalt behels dat ‘n holistiese benadering gevolg word.

Oaklander (1994:280-300; in Kaduson & Schaefer, 2000:28-30) konstateer dat die teoretiese beginsels van Gestaltterapie, naamlik die *ek-jy-verhouding,* die *hier-en-nou-beginsel,* organismiese selfregulering, kontakgrensversteuring, bewustheid en ervaring asook ‘n sin vir die self, ‘n direkte verband het met kinders. Teen die agtergrond van hierdie verhoudingsdimensie word die kind die geleentheid gebied om self te ontdek hoe hy vermy om verantwoordelikheid te aanvaar vir sy eie bestaan. Deur op ‘n bedrewe wyse die kind te frustreer en te ondersteun, word hy gehelp om te fokus op bewustheid, om direk te eksperimenteer en om gedrag en gevoel in die hier-en-nou te beklemtoon (Aronstam, 1986:198).

Gestaltterapie is ‘n proses van ontwikkeling en volwassewording (Prochaska & Norcross, 2003:198, 201) met organismiese selfregulering as einddoel. Hierdie doelstelling kan slegs bereik word deur ‘n verbreding van die kind se bewussynskontinuum (Aronstam, 1986:198). Hierdeur raak hy dan bewus van hoe hy sy selfregulering dwarsboom deur byvoorbeeld oorafhanklik te wees van sy omgewing. Hy raak ook bewus van sy polariteite en hoe om hierdie polariteite te integreer in sy persoonlikheid (Blom, 2004:18).

Vanuit die Gestaltbenadering is dit moontlik vir beide die navorser en/of die spelterapeut om te fokus op die kind se bewustheid van sy eie proses en om dit aan te spreek, eerder as om die spesifieke gedrag wat by die kind manifesteer, te ontleed. Volgens Oaklander (in Blom, 2004:50) gaan dit oor: “...who they are, what they feel, what they like and do not like, what they need, what they want, what they do and how they do it.” Groei en ontwikkeling tydens elke lewensfase word nooit as afgehandel beskou nie en is dus ‘n voortdurende proses. As deel van die proses van selfregulering word die kind bewus gemaak van hoé hy reageer of wát hy doen en geleer om verantwoordelikheid vir sy eie gedrag te aanvaar (Aronstam, 1986:198). Vir hierdie navorsing is dit, aldus die navorser, van belang om die hantering van aggressie

in oënskou te neem deur dit byvoorbeeld eers as ‘n gevoel te identifiseer en dit te verwoord, waarna daaraan uitdrukking gegee kan word deur musiek as ‘n hulpmiddel te gebruik.

1.11 UITEENSETTING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Die navorsingsverslag word in vyf hoofstukke verdeel. Hoofstuk een dien as ‘n algemene inleiding, uiteensetting en ondersoek, waartydens die doel van die studie asook die navorsingsmetodologie duidelik uiteengesit word.

Hoofstuk twee word benut om aggressie as verskynsel vanuit ‘n Gestaltperspektief te bespreek. Uitgangspunte om die oorsake van aggressie aan die leser te verduidelik, sluit sowel die basiese as die Gestaltuitgangspunte in. Die invloed van aggressie op die kind in sy middelkinderjare-lewensfase bied insiggewende inligting.

In hoofstuk drie is musiek as ‘n universele kommunikasiemedium aan die beurt. Om dié tema verder toe te lig, bied die navorsing interessante resente inligting aan ten opsigte van die ontstaan van musiek en fokus verder op die effek daarvan vanuit ‘n Gestaltperspektief, wat die belangrikste ontwikkelingsterreine van die laerskoolkind insluit. In hoofstuk vier word die empiriese deel van die studie weergegee deur die navorsingsproses te bespreek. Die kwantitatiewe navorsingsproses word skematies weergegee en daarna bespreek. Dit sluit fokusareas soos die aanvanklike en formele beplanning van die navorsing in, die implementering asook die prosessering van die data, interpretering en integrering daarvan. Hierdie hoofstuk word afgesluit met ‘n navorsingsproduk, toepassing en praktykbeoefening tydens spelterapie vir die benutting van musiek vir aggressiewe laerskoolkinders, met die oog op verdere navorsing.

In hoofstuk vyf is tot relevante gevolgtrekkings, bevindinge en aanbevelings met betrekking tot die studie gekom. Die temas bied moontlikhede vir toekomstige navorsing.